RAMSHORING

FEBRUARIE 2012 MAANDBRIEF 56

AANGENAME KENNIS...JOSUA & *IMMERSE*!

Die afgelope ses maande het ek 'n heerlike ervaring saam met die Kinder- & Gesinsbediening gehad - nie net bruis dié bediening van die lekkerte om erediens sáám met ons kinders te hou nie, maar sit die eredienste ook vol pa's & ma's, oom's & tannie's en oupa's & ouma's... en almal neem lekker deel aan die erediens. Van die klokkies en driehoekies wat lof aan die Here optower uit kinderhandjies tot almal wat grootoog sit en kyk wat volgende in die poppekas gaan gebeur, van grootmense wat kom getuig van God se werking in hul lewens tot 'n ge-*buzz* en 'n ge-besig-wees in die dissipelskapgroepe. En dan skarrel al wat kleinding is om 'n mooi blom of potplant te kom haal wat ons uitdeel aan hulle wat siek is of swaar trek. Ek wil jou nooi en aanmoedig om hierdie jaar in te skakel by ons **JOSUA 24:15-**geloofgesin. Jy't reg gelees - ek wil graag van nou af ons Kinder & Gesinsbediening 'n ander naam gee: **JOSUA 24:15 GESINSBEDIENING**. En ek leen dit natuurlik vanuit Josua 24:14-15, "Betoon dan nou eerbied aan die Here en dien Hom met opregtheid en met trou. Sien af van die gode wat julle voorvaders anderkant die Eufraat en in Egipte gedien het, en dien die Here. Of, as julle dit nie goedvind om die Here te dien nie, **kies dan vandag wie julle wil dien**... **Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien**."

Die Here het aan ons die volgende **visie** gegee, en ons wil dit as 'n **vaandel** omhoog hou vir elkeen van ons bedieninge: **RIG HIERDIE GENERASIE OP!**

Maleagi 2:15, NAV lees soos volg, "Die Here het man en vrou een gemaak, een in liggaam en gees. En waarom een? **Omdat Hy wil hê dat daar 'n nageslag moet wees, wat Hom eer".** Daarom kán en wíl ons nie anders as om in en deur elkeen van ons bedieninge besig te wees om elke generasie op te rig! ...want die Here soek 'n geslag wat Hom eer! Dit wil sê, nie net ons kinders en tieners nie maar ELKE generasie! Hoekom? Want om werklik 'n verskil te maak in ons huise, gemeenskap en wêreld het ons nie net die kinders en tieners en jongmense nodig nie, maar elke ma & pa, en elke oupa & ouma! Om dié visie en passie te verwoord wil ek wegdoen met 'KGB' (dit klink té spioenerig) en praat van ons **Josua 24:15 Gesinsbediening** sodat ek en jy telkens geïnspireer sal wees om die **Josua-keuse** te maak, telkens die **Josua-*stand*** te maak! Dus, welkom by ons Josua 24:15 Gesinsbediening!

Maar dis nie al nie! Onder ons RIG HIERDIE GENERASIE OP-vaandel staan ook ons tiener-bediening. Ons **Tekkiesbediening** is lankal self nie meer 'n tiener nie, maar is reeds 'n pragtige bediening aan ons tieners opgerig. Van onskatbare waarde is die jong-volwasse en volwasse mentors wat ons tieners bedien deur IN VERHOUDING met hulle te staan. Dis reg! Die sleutel is die verhoudinge waarin ons met ons tieners staan! Daarom is ons dissipelskapgroepe vir ons ononderhandelbaar. Ons hou ook jaarliks 'n witwarm tienerkamp, gaan kuier ek (die dominee) by die skool se VCSV en rond ons ons tienerbediening af met 'n baie spesiale Belydenisjaar! Dus, al ons tieners... sien julle by **Tekkies!**

Ons laaste "AANGENAME KENNIS" is aan 'n nuwe bedieningsfokus onder ons RIG HIERDIE GENERASIE OP-vaandel: **IMMERSE.** Jy't reg gelees... ons gaan nie net ons tone in die water steek nie, ons gaan induik, onsself indompel, pens en pootjies ons *immerse* in God se goedheid en teenwoordigheid! ***Immerse*** is ons *Worship*-dienste vir ons matrieks, studente en werkende jongmense (Sondagaande). Buiten ons *Immerse Worship*-dienste rig ons ook die volgende groei-geleenthede in: ***Impact*** (ons diens in ons gemeenskap) en ***Invest*** (belegging in ons jongmense se lewens deur kleingroepe en kuier's in die *Life Style*). Ons gaan nie 'christen' speel nie, of Sy teenwoordigheid *fake* nie, ons gaan in en deur ons *worship* onsself telkens aan Hom oorgee! Noem dit *genuine*-wees, integriteit of *authentic*... dit alles spel dieselfde: om Sy teenwoordigheid te beleef en te leef! Vir 'n lewensveranderende ervaring... sien jou by *Immerse!*

Dr. Chris Malan

IN HIERDIE UITGAWE

AANGENAME KENNIS... JOSUA & *IMMERSE*!	1
BELANGRIKE DATUMS	1
RESENSIES	2
OPDATERING VAN KONTAKBESONDERHEDE	2
VERJAARDAE	2
VERWELKOMINGS-FUNKSIE	2

BELANGRIKE DATUMS: FEBRUARIE 2012

Vrydag 10 Februarie tot

Sondag 12 Ferbuarie

Gebedsnaweek

Woensdag 15 Februarie

Predikantekring

Vrydag 17 Februarie

Klub 55: Manne-ontbyt

Sondag 19 Februarie

Lydensweek 1 begin

Sondag 26 Februarie

Lydensweek 2 begin

Woensdag 29 Februarie

Skrikkeldag

KERKKANTOOR:

Telefoon 012 348 5135

Faks 086 586 9265

012 361 6469

Getuienisbediening (soggens): 012 365 3959

www.lynnwoodrif.co.za

RESENSIES: UIT SHALOM BOEKWINKEL

Deur Lizette van der Watt

DIS MOS KOS, 'N BOEK DEUR JOEY PIENAAR

Dis Mos Kos is die nuutste kookboek deur Joey Pienaar, ook die skrywer van treffers soos *Knuppeldik* en *Watertand Wenners.*

Die boek is vol beproefde treffers wat dit moontlik maak vir enigeen om soos 'n bobaaskok te lyk.

Hierdie boek is spesiaal geskep vir jou, maar die boek se spesiale verpakking maak dit die ideale geskenk vir wanneer daar nie tyd is om geskenke toe te draai nie.

Met 'n geskenk soos die wat van geslag tot geslag oorgedra kan word kan jy nie verkeerd gaan nie. Die boek is beskikbaar by Shalom Boekwinkel teen R180 elk.



Dis Mos Kos deur *Joey Pienaar*

DATA OPDATERING

Die NG Kerk het vanjaar 'n nuwe weergawe van die program, *WINKERK,* as dataregister in gebruik geneem, met die uiteindelike doel om 'n sentrale register vir gemeentes landswyd te vestig. Vir sommige gemeentelede het ons verouderde inligting, wat dringende aandag verg. Ons rig 'n vriendelike versoek aan alle gesinshoofde om seker te maak dat **alle data** (woon-, pos- en e-posadres, kontaknommers, asook ID-nommers) van u gesinslede op datum is. Kontak Isabel soggens by 012 348 5135 (tussen 8h30-13h00) by die kerkkantoor of stuur e-posboodskap na isabel@lynnwoodrif.co.za

IS JY NUUT HIER?

Indien u 'n nuwe intrekker is word u hartlik uitgenooi na NG Lynnwoodrif se verwelkomingsete waar u rondom Gemeente-aktiwiteite en diensgeleenthede ingelig gaan word. Kom geniet ook 'n geborgde ete, waar u gesellig kan saamkuier en die leraars, asook ander gemeentelede kan ontmoet.

Datum: 25 Januarie, 6 Junie of 17 Oktober
Tyd: 18:15 vir 18:30
Waar: Lifestyle Café
RSVP name en getalle asseblief betyds by die Kerkkantoor. Kontak Isabel by 012 348 5135 (soggens tot 13h00).

VERJAARDAE

Baie liefde en Gods rykste seëninge word vir elke lidmaat in die gemeente, met hulle verjaardae wat gedurende Desember, Januarie en Februarie plaasgevind het, toegebid. Ons vra verskoning vir die verjaardae wat uitgelaat is in die vorige uitgawe weens 'n tegniese fout.

Hartlik geluk aan die volgende seniors wat gedurende Desember hulle verjaardae herdenk het.

80 jaar en ouer:

Wilma Venter	23ste
George Barnard	25ste

Hartlik geluk aan die volgende seniors wat gedurende Januarie hulle verjaardae herdenk het.

80 jaar en ouer:

Cecilia Schmidt	9de
Anna-Marie Retief	26 ste

Hartlik geluk aan die volgende seniors wat gedurende Februarie hulle verjaardae herdenk.

90 jaar en ouer:

Rosa du Plooy	1ste

80 jaar en ouer:

Kosie Fourie	5de
Doep du Plessis	14de
Sarie Engelbrecht	15de
Jeanette Barkhuizen	20ste
Lien Roode	24ste

UIT DIE ARGIEWE: DR. PIET HET GESONDIG

Deur Dr. Johan van Schalkwyk

Hanalize in die kerkkantoor vra my om iets oor sondes uit die gemeente se geskiedenis te skryf na aanleiding van die viering van die gemeente verjaardag in Februarie. Hier is sommer twee.

Toe Piet Meiring en ek nog saam, dominees hier was in die vorige eeu, ry ek op 'n dag met my grys Renault in Beechstraat af. By Bouvardia se T jaag ek heel onskuldig, links oor die stopstraat. Die volgende oomblik jaag Piet wragtie oor die regterkantse stopstraat, en ry my amper met sy groen Toyotatjie in my peetjie. Natuurlik moes hy eintlik gestop het.

Eendag sit ek in die kantoor by die kerk toe iemand ontsteld van die Adviessentrum af kom om te sê daar is 'n man met vroue-klere aan. Wat moet hulle doen? "Stuur haar na my toe." Ek vra haar wat 'n hom is dadelik hoekom so? Maar sy ontken dat sy 'n mannetjie is, en hoe wonderlik sy kan kook. Minute later kom 'n vrou, wat 'n goeie huishoudster soek, in. Ek verduidelik ons dilemma, en sy besluit om "die dame" in diens te neem. Omtrent twee weke later stop 'n goue Jaguar voor die kerk se ingang. Die netjiese chauffeer klim uit, maak die agterdeur oop en help sy Mevrou uit. Toe die ander deur, en daar verskyn haar nuwe butler in sy netjiese swart en wit uniform met 'n groot silwer skinkbord met koek vir die dominee en die personeel. Sekerlik ook Piet se skuld, want dis hy wat nog voor my tyd die bediening begin het.